| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kindersending**<br>**2024 VASTYD KALENDER** | | | **14 FEBRUARIE**<br>**ASWOENSDAG**<br><br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: bid vir 'n seënryke Vastydseisoen vir jouself en ander.<br>Aksie: gaan vandag kerk toe en ontvang die asse op jou voorkop. | **15 FEBRUARIE**<br><br>Vas: van leuens en onwaarhede.<br>Bid: om eerlik in alles te wees.<br>Aksie: Skep 'n gebedsruimte in jou huis vir die Vastyd. | **16 FEBRUARIE**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: dat mense die skoonheid van ons wêreld sal raaksien.<br>Aksie: Soek jou doopdatum op en skryf dit neer sodat jy dit jaarliks kan vier. | **17 FEBRUARIE**<br><br>Vas: van kla en mor.<br>Bid: wees braaf genoeg om iets goeds te doen. Aksie: Bemoedig een van jou klasmaats of werkskollega's. |
| **18 FEBRUARIE**<br><br>**1ste Sondag van die Vastyd** | **19 FEBRUARIE**<br>Vas van bekommernisse.<br>Bid vir hulle wat gekwel en verward is.<br>Aksie: Gee 'n blom aan iemand wat bemoediging nodig het. | **20 FEBRUARIE**<br><br>Vas: vandag van luiheid.<br>Bid: om 'n hulp vir ander te wees.<br>Aksie: help iemand in nood. | **21 FEBRUARIE**<br><br>Vas: vandag van sosiale media. Bid: vir die geduld om vandag na God se word in die kerk te luister.<br>Aksie: neem die tyd om met aandag na ander te luister wanneer hulle praat. | **22 FEBRUARIE**<br><br>Vas: daarvan vandag om jouself eerste te stel.<br>Bid: vir vrede in jou lewe en gesin.<br>Aksie: Sê jy is jammer wanneer jy verkeerd is. | **23 FEBRUARIE**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: 'n dankgebed vir jou familie vandag.<br>Aksie: Neem deel aan die Kruisweg. | **24 FEBRUARIE**<br><br>Vas: vandag van skinder. Bid: vir die wysheid om vandag goeie besluite te neem. Aksie: Verras iemand deur jou vrygewigheid. |
| **25 FEBRUARIE**<br><br>**2de Sondag van die Vastyd** | **26 FEBRUARIE**<br><br>Vas: van onnodige praatjies en probeer om na ander te luister.<br>Bid: vir elke familielid op die naam.<br>Aksie: Help iemand sonder om erkenning te verwag. | **27 FEBRUARIE**<br><br>Vas: van mor en kla.<br>Bid: vir die moed om uit te praat teen dit wat verkeerd is.<br>Aksie: Gee iets vir liefdadigheid. | **28 FEBRUARIE**<br><br>Vas: daarvan om tussen maaltye te peusel.<br>Bid: vir iemand wat siek is.<br>Aksie: bied jou hulp aan by die kerk. | **29 FEBRUARIE**<br><br>Vas: daarvan om ander vandag te oordeel.<br>Bid: dat mense regoor die wêreld in vrede en liefde sal verenig.<br>Aksie: Stel iemand anders se behoeftes bo jou eie. | **1 MAART**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: vir almal wat hulle in situasies bevind waar hulle mishandel word.<br>Aksie: Neem deel aan die Kruisweg. | **2 MAART**<br><br>Vas: van afleidings soos TV, selfoon, rekenaarspeletjies.<br>Bid: vir al jou vriende wat jou nog altyd ondersteun het.<br>Aksie: Kontak 'n vriend met wie jy lanklaas gepraat het. |
| **3 MAART**<br><br>**3de Sondag van die Vastyd** | **4 MAART**<br><br>Vas: vandag van verwerkte voedsel. Bid: vir gestremde mense.<br>Aksie: Knoop 'n geselsie aan met 'n iemand by die skool of werk wat nie deel is van jou vriendekring nie. | **5 MAART**<br><br>Vas: van alle negatiwiteit, veral teenoor hulle met wie jy saambly of wate jy gereeld sien.<br>Bid: 'n dankgebed vir die skoonheid van die skepping. Aksie: - Maak tyd vir 'n vriend. | **6 MAART**<br><br>Vas: vandag van enige jaloesie.<br>Bid: die Jesus-gebed "Here Jesus Christus, Seun van God, ontferm U oor my, 'n sondaar".<br>Aksie; maak jou slaapkamer skoon en gee die klere wat jy nie meer dra nie aan die armes. | **7 MAART**<br><br>Vas: moenie vandag rommel strooi nie.<br>Bid: vir reg en geregtigheid in die wêreld.<br>Aksie: glimlag vir almal wat jy vandag raakloop. | **8 MAART**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: om te verstaan hoe God wil hê jy moet lewe. Aksie: neem deel aan die Kruisweg. | **9 MAART**<br><br>Vas: daarvan om kos weg te gooi.<br>Bid: vir hulle wat honger ly. Aksie: Nooi iemand van die kerk of jou familie om by jou te kom eet. |
| **10 MAART**<br><br>**4de Sondag van die Vastyd** | **11 MAART**<br><br>Vas: vandag van koeldrank. Bid: vir die polisie en almal wat ons gemeenskap beskerm. Aksie: wend 'n poging aan om mense in te sluit wat dalk verwerp voel. | **12 MAART**<br><br>Vas: vandag van enige familietwis.<br>Bid: vir mense wat niemand het om vir hulle te bid nie.<br>Aksie: besoek 'n bejaarde buurman/-vrou of familielid en help hulle met werk wat gedoen moet word. | **13 MAART**<br><br>Vas: vandag van gemorskos.<br>Bid: vir vlugtelinge en migrante.<br>Aksie: samel skoolbenodigdhede in vir kinders wat dit nie kan bekostig nie. | **14 MAART**<br><br>Vas: van kwaadpratery.<br>Bid: vir roepinge tot die priesterskap en die religieuse lewe.<br>Aksie: neem tyd om voor jou huis skoon te maak. | **15 MAART**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: vir kinders wat sonder familie is.<br>Aksie: neem deel aan die Kruisweg. | **16 MAART**<br><br>Vas: van jou telefoon vandag, moet dit glad nie gebruik nie.<br>Bid: vir die siekes en vir die gesondheid van jou familie en vriende.<br>Aksie: Maak 'n bydrae tot die Vastyd oproep. |
| **17 MAART**<br><br>**5de Sondag van die Vastyd** | **18 MAART**<br><br>Vas: vandag van kwaadpraat van iemand.<br>Bid: vir die bewaring van die aarde en omgewing.<br>Aksie: skryf 'n bemoedigende boodskap aan jou priester of 'n ander leier wat jy vertrou. | **19 MAART**<br><br>Vas: daarvan om ander te oordeel.<br>Bid: vir almal wat in lyding verkeer.<br>Aksie: Hou 'n spesiale kollekte onder familie en vriende om aan die Pontifikale Genootskap vir die Kindersending te gee. | **20 MAART**<br><br>Vas: van luiheid om familie verpligtinge na te kom. Bid: vir verpleegsters, dokters en alle mediese versorgers. Aksie: Maak ou komberse of handdoeke bymekaar en gee dit aan 'n plaaslike dierewelsyn skuiling. | **21 MAART**<br><br>Vas: daarvan om water te vermors.<br>Bid: vir hulle wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan.<br>Aksie: versorg die plante, blomme en struike in julle tuin of aan die voorkant van hulle huis. | **22 MAART**<br>**Die Kruisweg**<br>Vas: moenie vandag vleis eet nie.<br>Bid: vir die siele van die oorledenes. Aksie: neem deel aan die Kruisweg. | **23 MAART**<br><br>Vas: daarvan om tussen maaltye te peusel.<br>Bid: vir wêreldleiers om die regte besluite te neem, wat almal sal baat.<br>Aksie: Bel 'n bejaarde vriend of familielid vandag. |
| **24 MAART**<br><br>**PALMSONDAG** | **25 MAART**<br><br>Vas: van te veel lawaai.<br>Bid: vir die genadegawe om deel te neem aan die Heilige Week.<br>Aksie: bring hierdie week tyd in gebed deur.<br><br>**HEILIGE OF GOEIE WEEK** | **26 MAART**<br><br>Vas: vandag van sosiale media.<br>Bid: vir matigheid in alles. Aksie: gee 'n blikkie kos aan 'n organisasie soos St Vincent de Paul wat behoeftiges help.<br><br>**HEILIGE OF GOEIE WEEK** | **27 MAART**<br><br>Vas: vandag van alle peuselhappies (lekkers, tjips, gaskoeldrank ens).<br>Bid: vir gemoedsrus.<br>Aksie: Komplimenteer vandag 'n familielid.<br><br>**HEILIGE OF GOEIE WEEK** | **28 MAART**<br><br>**WITTE DONDERDAG**<br><br>Vas: van luiheid.<br>Bid: vir die goeie gewoontes wat jy wil aanleer en ná die Vastyd deel maak van jou lewe.<br>Aksie: gaan saam met jou familie na die Paastriduüm. | **29 MAART**<br><br>**GOEIE VRYDAG**<br><br>Vas: moenie vandag vleis eet nie!<br>Bid: neem ekstra tyd vir gebed vandag. Aksie: neem deel aan die Goeie Vrydag dienste in jou kerk. | **30 MAART**<br><br>**PAASWAAK**<br><br>Verbly jou altyd in die Here, ek sê, verbly jou altyd! |